Toetrede

Liturgie van die Lig

Woorddiens

Lesing 1: Lukas 1:39-55 (1953)

[39] EN in daardie dae het Maria opgestaan en haastig na die bergstreek gegaan, na ’n stad van Juda;
[40] en sy het in die huis van Sagaría gekom en Elisabet gegroet.
[41] En toe Elisabet die groet van Maria hoor, het die kindjie in haar skoot opgespring; en Elisabet is vervul met die Heilige Gees
[42] en het met ’n groot stem uitgeroep en gesê: Geseënd is jy onder die vroue, en geseënd is die vrug van jou skoot!
[43] En wat het my oorgekom dat die moeder van my Here na my toe kom?
[44] Want kyk, toe die geluid van jou groet in my ore klink, het die kindjie in my skoot van vreugde opgespring.
[45] En salig is sy wat geglo het, want die dinge wat deur die Here aan haar gesê is, sal vervul word.
[46] EN Maria het gesê: My siel maak die Here groot,
[47] en my gees is verheug in God, my Saligmaker;
[48] omdat Hy die nederige toestand van sy diensmaagd aangesien het; want kyk, van nou af sal al die geslagte my salig noem.
[49] Want Hy wat magtig is, het groot dinge aan my gedoen, en heilig is sy Naam.
[50] En sy barmhartigheid is van geslag tot geslag vir die wat Hom vrees.
[51] Hy het deur sy arm kragtige dade gedoen. Hoogmoediges in die gedagtes van hulle hart het Hy verstrooi.
[52] Maghebbers het Hy van trone afgeruk en nederiges verhoog.
[53] Hongeriges het Hy met goeie dinge vervul en rykes met leë hande weggestuur.
[54] Hy het sy kneg Israel bygestaan, sodat Hy aan sy barmhartigheid sou dink —
[55] soos Hy tot ons vaders gespreek het — aan Abraham en sy nageslag tot in ewigheid.

Tema: Om vir Misterie plek te kan maak...

Broodjies vir die Pad

The stories we tell about people, and especially the stories we tell of their birth and early development, are powerful ways to celebrate their importance to us and the significance they have in our lives.

Jesus lived in Palestine during the first 30 years of the Common Era (= CE). It is a measure of his significance for Western culture that we traditionally divide time into two great epochs, with his birth as the beginning of the current era. We know very little of the exact details of his life, but the following dates are the most probable:

- ~4 BCE – Approximate date for birth of Jesus
- 28 CE – Jesus begins his public activity
- 30 CE – Jesus is executed by the Roman Empire

Jesus commanded no military forces, had no social status, and was not part of an ancient priesthood. Yet within a short period of time Jesus had an impact that changed world history. In this week’s notes we will look at some of the birth stories people told about Jesus as they tried to understand how he could have been so special, and as they tried to express what his life meant to them.

When someone excels in a particular area of life we often go looking for something in their background that would explain their success. You may be able to suggest examples from recent news and current affairs reports, documentaries, history lessons, popular magazines, and even your own family tree.

In the ancient world people also offered explanations for the success of heroic individuals, and they often did this by telling stories about some remarkable circumstances at the time of the person’s birth. We have examples of this in the Bible as well as in other writings from the ancient past.

http://gregoryjenks.com/2012/12/17/advent-4c-23-december-2012

◆◆◆

In a section entitled "Song is Existence," from Poetry, Language, Thought, Martin Heidegger elevates the vital role of the one who finds the right song to sing at just the right occasion: "those who are more daring by a breath dare the venture with language. They are the sayers who more sayingly say. For this one breath by which they are more daring is not just a saying of any sort; rather, this one breath is another breath, a saying other than the rest of human saying." "The singer's saying says the sound whole of worldly existence, which invisibly offers its space within the world's inner space of the heart."

http://sacraconversazione.blogspot.com/2009/11/fourth-sunday-of-advent-year-c.html

◆◆◆

Só sou Oupa se Kersfees gewees het...

deur Dana Snyman

Op Kersoggend sou sy dogter Griet hom uit die ouetehuis kom haal het, nes die vorige Kersfees, en die een voor dít.

Hy sou saam met haar gery het na die oostekant van die stad waar sy en haar man, Joos, en hul drie kinders – sy kleinkinders – gewoon het. Hulle sou hom by die huis se trappe op moes help, want sy ou bene is swak.

Daar sou ander mense ook by Griet-hulle vir die Kersete gewees het: Vriende van hulle, wat oral sou rondstaan met wynglase in die hand. Soos altyd sou Joos hom gegroet, gelag en gevra het: “Hoe gaan dit nog daar in Huis Spataar, Pa?” Party ander sou saam gelag het.

Grieta se jongste, ’n dogtertjie, sou nader gekom het en ’n entjie van hom af gaan staan het, met ’n skaam vingertjie in haar mond. “Toe, groet vir Oupa,” sou Griet die kind aangepraat het. “Oupa sal nie byt nie.”

In die eetkamer sou die tafel reeds gedek gewees het. “Wat wil Pa drink?” sou Joos gevra het. “Hoe lyk dit met ’n cane vir die pyn?” Die ander sou weer lag. Dié Joos is darem vol grappe.

Joos sou vir hom ’n glas met ’n flou whisky en water gegee het, dan sou Grieta met ’n geskenkpakkie voor hom kom staan het. “Hier is vir Pappie ook ietsie.” Hy sou die pakkie oopskeur en binne-in sou ’n ry nuwe sakdoeke in ’n kartonhouer gewees het. Dít, en ’n staaf-sjokolade. Grieta gee elke jaar vir hom sjokolade saam met sy geskenk, asof die soetheid moet vergoed vir die nederigheid van die geskenk.

Teen 13:00 se kant sou Joos aankondig: “Kom, ons gaan eet.” In elke bord op die tafel sou ’n Kersfees-klapper en so ’n papierkadotjie gelê het. Hy sou met sy stram vingers sukkel om die kadotjie oop te kry, totdat Grieta gesê het: “Wag, ek help vir Pappie.” Die kadotjie sou sweterig aan sy voorkop vasklou.

Dan sou Grieta die klapper van sy bord opgetel het en die een punt na hom toe uitgehou het. “Hou styf vas, Pappie.” Die klapper sou ’n dowwe geluid gemaak het, en binne-in die klappers sou ’n perdjie van plastiek gewees het, wat hy in sy hempsak sou bêre.

Almal sou hul borde vol geskep het, dan sou Joos gesê het: “Ons moet seker bid.” Dan sou Joos na hom gekyk het. “Sal Pa, asseblief.” Ná die ete sou almal weer in die sitkamer gaan sit het. Nog wyn sou geskink word, nog mense sou met hom gepraat het asof hy ’n kind is, totdat Grieta sou gesê het: “Dit word laat. Ons moet vir Pappie terugvat.” Joos sou weer iets gesê het van Huis Spataar en almal sou weer gelag het.

Hy en Grieta sou terug gery het ouetehuis toe, terug hier na sy tuiste toe: ’n kamer, met ’n bed en ’n rak waarop hy die perdjie wat uit die klapper kom, sou uitgestal het.

Só sou sy Kersdag gewees het as Grieta en Joos en die kinders nie in Junie vanjaar Kanada toe geëmigreer het nie.

http://www.beeld.com/Rubrieke/Dana-Snyman/So-sou-Oupa-se-Kersfees-gewees-het-20121220

Brood vir die Pad

Kersverhaal kry algaande kompetisie

deur Wilhelm Jordaan

Met Kersfees om die draai herinner ek my aan ’n teologiese proefskrif wat betoog dat geloof gevorm en in stand gehou word deur ’n samespel van stories uit jou kindertyd, kerklike leerstellings, verbeelding en ’n sin vir misterie.

En ek dink aan my kindertyd – aan Kersfeeste by my oupa en ouma op hul plaas Lofdal op Hoekoe naby Ladismith.

Dit is die plek waar die Swartberg se donker skeure en klowe op maanlignagte en skemeraande lewensgeheime, Bybelverhale en kontreistories (soos Abraham de Vries s’n) saamvoeg.

Oukersaand by ’n suisende paraffienlamp omring deur motte op soek na lig het ons gesin by huisgodsdiens gesing en ons met oortuiging aan die Christusfees toegewy: “Middelpunt van ons verlange/Trooster van ons bang gemoed...”; met my ouma se hoë, dun stemmetjie vooraan en die res van ons ietwat ongelyk agterna.

Maar algaande het ander stories en voorstellings met dié soort relaas begin meeding.

En nou lyk die “Middelpunt” sonder punt as wetenskaplikes sê ons mense is die erfgename van die stof van sterre; produkte van ’n kosmiese toevalligheid miljarde jare gelede.

God is bloot ’n gawe illusie om die werklikheid van ’n koue, onverskillige kosmos te verdryf.

Aldus is Christus net pure mens; ’n gelowige hippie-evangelis met ’n groot aanhang; ’n wysheidsleraar; ’n revolusionêr; kruisvaarder vir die politiek; mens vir die medemens; behendige oëverblinder; en indrukwekkende skaretrekker – soos Leonard Cohen, Bob Dylan, Abba en die Rolling Stones.

Alles ligjare ver van die kruis, die krip en die helder Betlehemster.

Dit word al hoe vreemder en moeiliker om te bly glo in iets méér en ánders as dit. Want nuwe vrae ondermyn die sekerhede van ou antwoorde. En soms kom die geskenk van misterie.

Soos Sheila Cussons dit beskryf: “Dit kom wanneer dit nie verwag / word nie: ’n aanraking van die verstand / lig soos ’n veer, vlugtig maar presies... / iets wat die bewussyn tot /
in die lewe tref, iets soos ’n sagte sprong – / vreugde, verbasing, vreugde, herkenning:...”

Juis met Kersfees kom dié sagte sprong en bring die verlange na die kindertyd toe alles so eenvoudig was en maklik om te glo.

In die trant van Marie Bester se gedig “Dekonstruksie”:

Haal die wyn uit die water.
Haal die offer uit die kruis.
Laat Lasarus vir ewig rus.
Laat die dowe klankvry bly,
Die blinde steeds sy kierie dra
Die skare honger slaap.
Maar soms, net soms,
Wil ek weer sing:
Liewe Jesus sag en rein
Kyk na my U kindjie klein

http://www.beeld.com/Rubrieke/WilhelmJordaan/Kersverhaal-kry-algaande-kompetisie-20121218

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877